Rauch sing in Brussel, Gent en Brugge

Laurika betower die Belge

BRUSSEL. – Een van Suid-Afrika se voorste sangeresse van ligte musiek, Laurika Rauch, het die afgelope week tydens 'n kort besoek aan België die harte van menige Vlaming verower met haar treffende Afrikaanse liedjies.

Laurika en haar begeleir, die pianis Wessel van Wyk, het voor 'n uitgesoekte gehoor in Brussel en Gent 'n keur van Afrikaanse liedjies uitgevoer.

Die hoogtepunt van haar kort besoek was sonder twyfel die optrede in Gent wat deur die verenigings Protea en die Vriende van Suid-Afrika georganiseer is.

Op die program was 'n aantal bekende liedjies, wat volgens haar bestuurder, mnr. Marius du Plooy, ook binnekort in Suid-Afrika op 'n nuwe plaat vir haar bewonderaars beskikbaar sal wees. Laurika se "Kinders van die wind", "Toemaar die donker man", "Karoonag" en "Kaalvoetklonkie" is baie goed deur die nagenoeg 250 aanwesiges ontvang.

Daar was ook groot waardering vir haar gevoelvolle vertolking van Jacques Brel se "Marieke", wat haar fyn aanvoeling vir die Vlaamse chanson duidelik geïllustreer het.

Aan die einde van die geslaagde aand is 'n kleed van kantwerk met 'n protea-motief daarop aan Laurika oorhandig. Sy en mevrou Elize Botha, eggenote van die Staatspresident, is die enigste twee vroue wat oor so 'n pragtige kantwerkstuk van die Vlaamse Protea-vereniging beskik.

'n Groot groep Belgiese veiligheidsmanne was ook by die hotel in Gent aanwesig as spesiale maatreël teen moontlike geweldadige aksies van anti-apartheidsgroepe. Daar was egter geen voorvalle nie. Ná die konsert het Laurika tydens 'n kort onderhoud in 'n Vlaamse kroegie vertel dat die spontane reaksies van die mense tydens haar optredes haar stoutste verwagtinge oortref het.

Daar is ook tydens die besoek aan België 'n reeks TV-opnames gemaak wat vir 'n spesiale dokumentêre program oor Laurika se besoek aan Brussel, Gent en Brugge sal handel.

Jan L. Coetzee